

Jugement 21 9.71. Top Court

117/71

HALSSAAK

G.P.S.

J: 443

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(Appel DIVISION).
AFDELING).

**APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPEL IN STRAFSAAK.**

ISAAC BOWERS

Appellant.

versus/teen

DIE STAAT

Respondent.

Appellant's Attorney Pro Deo Respondent's Attorney P. G. Kaapstad.
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate B.R. BAMEFORD Respondent's Advocate P. YUTAR S.C.
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent A.S. de Klerk

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op

10 - 4 - 1971


Ogilvie Thompson, H.R., Potgieter, A.R., Rabie, A.R.

(K.F.A.)

9.45 - 10.13 am.
10.13 - 11.02 am.
11.17 - 11.40 am.

C.A.U.

perken 21.9.71, per Rabie A.R. -
appeal word afgewys.



CLERK OF THE SUPREME COURT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Per D. B.R. ...

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID AFRIKA

APPELAFDELING

In die saak tussen:

ISAAC BOWERS Appellant

EN

DIE STAAT Respondent

Coram: Ogilvie Thompson H.R., et Potgieter, Rabie A.RR.

Verhoor:

Gelewer:

10 September 1971.

2/ September 1971.

U I T S P R A A K

RABIE, A.R.:

Die appellant, n 38-jarige Kleurlingman, is in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop deur n hof bestaande uit Waarnemende Regter Tebbutt en twee assessore daaraan skuldig bevind dat hy op 12 Oktober 1970 in Elsiesrivier, in die distrik Belville, n 9-jarige Kleurlingmeisie, Katy Frans, vermoor het. Die hof het eenparig bevind dat daar nie versagtende omstandighede was nie en die appellant is gevolglik tot die dood veroordeel. Die appellant appelleer

2/... nou,

nou, met die verlot van die verhoorregter, teen die bevin-
ding dat daar nie versagtende omstandighede was nie. Geen
aansoek om verlot om teen die skuldigbevinding aan moord te
appelleer is tot die verhoorregter gerig nie.

Met die verhoor is dit bo alle twyfel be-
wys dat die appellant die oorledene laat in die namiddag van
12 Oktober 1970 in sy huis in Elsiesrivier verkrag en verwurg
het. Die appellant, wat nie getuienis afgelê het nie, het
dit ook nie betwis nie, maar dit is namens hom aangevoer dat
die Staat nie bewys het dat hy die opset gehad het om moord
te pleeg nie.

Volgens die getuienis van die Staatspato-
loog, Dr. G.J. Knobel, wat n na-doodse ondersoek op die oorle-
dene uitgevoer het, is die dood deur die verwurging veroorsaak,
hoewel daar n geringe moontlikheid bestaan dat skok wat gevolg
het op die beserings wat deur die verkragting veroorsaak is,
ook tot die dood kon bygedra het. Skaaf- en kneuswonde wat
op die oorledene se keel sigbaar was, het getoon dat n plat
voorwerp soos n lyfband met die verwurging gebruik moes gewees

het. Hierdie wonde het nie rondom die nek geloop nie, wat aandui dat die band nie om die nek vasgeknoop was nie maar slegs op die keel drukking uitgeoefen het. Dit sou, volgens Dr. Knobel, kon gebeur het as die appellant agter die oorledene gestaan het en die band van voor af oor haar keel vasgetrek het, of as sy op haar rug gelê het en hy dit van bo af styf oor haar keel vasgedruk het. In albei gevalle sou daar, volgens die getuie, „vir n tydjie lank” „taamlike geweld” uitgeoefen moes gewees het. Die verkragting het n groot posterior skeur van die vagina veroorsaak, asook skeure anterior op die vulva en die vagina. Hierdie beserings het, volgens Dr. Knobel, ontstaan terwyl die oorledene nog gelewe het. Op die oorledene se rug was daar skaaf- en kneuswonde wat gedui het op friksie tussen die vel en n harde oppervlakte, en wat waarskynlik veroorsaak is toe sy gespartel het om los te kom. Daar was ook skaafwonde elders op haar liggaam, en op haar nek, linker skouer en regter tepel was daar krapmerke. Die krapmerke op die nek het regaf geloop en kon, volgens die getuie, deur die oorledene self veroorsaak

gewees het toe sy probeer het om die band om haar nek los te kry.

Die oorledene is om ongeveer 5.15 nm. op die betrokke dag deur haar tante, by wie sy gewoon het, na n winkel gestuur en die verwagting was dat sy na omtrent n kwartier weer by die huis sou wees. Sy het egter nie huis toe gekom nie, en dit blyk uit n verklaring wat die appellant die volgende dag voor n landdros gemaak het dat hy die oorledene „gegryp" het toe sy op haar pad terug was huis toe. Na aanleiding van hierdie getuienis het die verhoorhof bepaal dat die oorledene om ongeveer 5.30 nm. of kort daarna aangerand en gedood is. Om 3.30 vm. die volgende dag is die appellant deur n geneesheer, Dr. Vivier, ondersoek, aan wie hy gesê het dat hy die oorledene „met sy hande verwurg en daarna verkrag" het, dat hy dit gedoen het omdat hy „gedrink" was, en dat hy „nie veel" kon onthou nie. Volgens Dr. Vivier was die appellant gespanne, maar hy het nugter voorgekom. n Bloedmonster wat deur die getuie geneem is, het getoon dat die alkoholinhoud van die appellant se bloed op daardie tydstip

0,03% was. Dr. Vivier het verder getuig dat die appellant n blou-oog gehad het en dat hy gesê het dat hy dit op 8 Oktober 1970 in n vuisgeveg opgedoen het. Die volgende dag, 13 Oktober 1970, het die appellant die volgende verklaring vrywillig voor n landdros gemaak:

„Gisteroggend, 12.10.70, het ek as gevolg van stryery met my vrou, twee bottels wyn uitgedrink. My gesin verlaat toe die huis en die namiddag drink ek nog n bottel wyn uit. Ek sit voor die huis toe n Kleurlingmeisie, wat ek nie ken nie, verbystap. Ek vra haar om vir my n broodjie te koop. Sy vloek my. Na n rukkie kom die meisie van die winkel af weer daar verby. Ek weet nie wat my toe oorgekom het nie, maar ek gryp haar en wurg haar. Ek raak toe aan die slaap. Toe ek wakker word, sien ek die meisietjie se liggaam lê daar. Toe gaan ek my 4de bottel wyn koop en kom drink dit uit. Ek raak toe weer aan die slaap en vannag het die polisie daar aangekom. Ek kan nie veel onthou, maar weet nie of ek die meisietjie verkrag het nie. Ek was n paar jaar terug in n motorongeluk en van daardie tyd is daar iets met

my kop verkeerd. Verlede week is ek op my oog geskop ook. Ek voel bitter jammer oor wat gebeur het. Ek weet nie wat my makeer het nie. Ek vra doktershulp".

Die appellant is nie getroud nie, maar woon saam met n vrou genaamd Katy Mackriël, wat n Staatsgetuie was. Ek sal na haar as die appellant se vrou verwys. Sy het oor die appellant se gewoontes en karakter in die algemeen getuig, asook oor die gebeure van 12 Oktober vir sover dit aan haar bekend was. Die verhoorhof het bevind dat sy n goeie getuie was en het haar getuienis aanvaar. Haar getuienis kan soos volg saamgevat word: Sy woon al 15 jaar saam met die appellant en hulle het ses kinders, wie se ouderdomme van 14 tot 2 jaar wissel. Hy is n goeie man vir haar en hy is ook baie lief vir die kinders, maar hy het die gewoonte om te veel te drink, veral gedurende naweke, en as hy dronk is, is hy n „moeilike" man. Hy rook ook dagga, en wanneer hy dit doen en daarby nog drink ook, word hy „gevaarlik". Wanneer hy dronk is, is hy soms „nes een wat van sy

kop af is" en dan doen hy dinge waarvan hy later niks weet nie. Hy het bv. al die kinders geslaan en daarna kon hy dit nie onthou nie. Hy het vir haar ook eenmaal in die gesig geslaan "en toe die oggend weet hy niks". Hy was soms neerslagtig; dan het hy hom sterk van haar afhanklik gevoel en sy moes hom telkens verseker dat sy en die kinders hom lief het. Hy het gekla dat hy ouerloos geword het toe hy 14 jaar oud was en dat "sy familie is ook nie saam met hom nie", d.w.s., "stel nie belang in hom nie". Een dag in 1967 het hy geprobeer om homself met haar wasgoed-draad op te hang (skynbaar het hy nie verder gekom as om die draad om sy nek te sit nie). Sy verduideliking vir sy gedrag was: "Ek het van 14 jaar af so groot geword en ek het nie ouers nie. Jy het nog wat jy kan kla by, maar ek het nie". In 1965 het hy hoofbeserings in n motorongeluk opgedoen en sedert daardie tyd kla hy van "steke" wat hy in die kop kry. Op 8 Oktober het iemand hom op sy oog geskop en volgens wat sy verneem het, is die wangbeen gekraak. As gevolg van hierdie besering het hy die naweek in die bed gebly,

maar Maandagoggend (12 Oktober) het hy opgestaan om werk toe te gaan. Hy is n „tuinwerker“. Daar het egter n rusie tussen hulle ontstaan omdat sy vir die dag in die plek van n vriendin wou gaan werk het. Hy wou gehad het sy moet by die huis bly om die jonger kinders op te pas en hy het op haar „geskel“. Hy het n bottel ligte wyn gaan koop en dit uitgedrink. Ná hy n tydjie by die werk was, het hy huis toe gekom en toe het hy n tweede bottel wyn gaan koop. Dit was toe omtrent 9-uur. Vroeg die middag het hy n derde bottel gaan koop. Hy was in n moeilike bui en het gedreig om haar te „klap“. Sy was bang hy kon haar „lelik seermaak“, en toe die kinders om ongeveer 2.30 nm. uit die skool uitkom, het sy met hulle na haar suster se huis toe gegaan en vir hom gesê dat sy nie weer gaan terugkom nie omdat hy nie wou „ophou drink“ nie. Ongeveer 10 nm. het sy, nadat sy n berig ontvang het, na die huis toe teruggegaan.

Die oorledene het toe onder n kombers op n bed gelê; net haar voete was sigbaar. Sy het vir hom gesê die mense daar buite soek na n kind en hy moet haar laat uitgaan. Hy sê

(1) The first part of the document is a letter from the Secretary of the State to the Governor, dated 10th March 1914. It contains a report on the progress of the work done during the year 1913. The letter is signed by the Secretary and is addressed to the Governor.

(2) The second part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(3) The third part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(4) The fourth part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(5) The fifth part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(6) The sixth part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(7) The seventh part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(8) The eighth part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(9) The ninth part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

(10) The tenth part of the document is a report on the work done during the year 1913. It is written by the Secretary and is addressed to the Governor. The report contains a detailed account of the work done during the year and is signed by the Secretary.

toe „sy is dood“, en sy het hom nie verder uitgevra nie.

Die getuie is gevra of die appellant „dronk gelyk het“ toe sy hom daar gesien het en haar antwoord was: „Nie te dronk nie, maar hy was nog dronk gewees“. Verdere vrae oor hierdie antwoord het egter laat blyk dat sy eintlik bedoel het dat hy „net so verslae gestaan en praat“ het met haar. Sy het ook ander uitdrukkings gebruik om sy toestand te beskrywe, soos bv.: hy was „onbewus van wat gebeur het“ en - ietwat teenstrydig - „Ek kon gesien het dat hy is nou bevrees oor wat hy gedoen het“, en ook, hy het gepraat „soos hy jammer is nou vir wat hy gedoen het“.

Die polisie het om ongeveer 1.30 vm. na die appellant se huis toe gegaan. Hulle het die oorledene se lyk onder n bed gevind, toegedraai in n reënjas en koerante. Twee bottels, waarin die oorledene visolie en paraffien by die winkel gaan haal het, is iewers in n hoek gevind. Van die oorledene se klere is onder n matras gevind, en dit het geblyk dat haar rok en onderklere geskeur was. Die polisie het die appellant om 3.30 vm. na Dr. Vivier geneem en, soos

reeds gesê is, laasgenoemde het n bloedmonster van die appellant geneem wat aangetoon het dat die alkoholinhoud van die appellant se bloed op daardie tydstop 0,03% was.

Dr. Knobel is gevra om n mening uit te spreek oor die graad waartoe die appellant teen ongeveer 5 nm. onder die invloed van drank kon gewees het as hy drie bottels wyn gedrink het op die tye wat deur hom beweer is. Die getuie het gesê dat daar so baie onsekere faktore was dat geen akkurate antwoord gegee kan word nie, maar dat indien rekening gehou word met n min of meer gemiddelde tempo van absorbering van alkohol in, en uitskeiding daarvan uit, die bloed, die alkoholinhoud van die appellant se bloed teen ongeveer 5 nm. van 0,18% tot 0,3%, of selfs nog meer, kon gewees het. Met n alkoholinhoud van 0,3%, het die getuie gesê, is n mens gewoonlik sterk onder die invloed. Dr. Knobel het egter ook gesê dat as aanvaar word dat die appellant ná 5 nm. nog n vierde bottel wyn gedrink het, soos deur hom beweer is, n mens sou verwag het dat die alkoholinhoud van sy bloed om 3.30 vm. hoër sou gewees het as die 0,03% waarvan Dr. Vivier getuig het. Hierdie lae persentasie van 0,03% skyn derhalwe aan te toon,

volgens Dr. Knobel, of dat die appellant nie n vierde bottel wyn gedrink het nie, of dat (indien hy dit wel gedoen het) hy vroeër in die dag nie soveel kon gedrink het as wat hy gesê het nie en dat sy bloedalkoholinhoud teen 5 nm. dus nie so hoog as 0,3% kon gewees het nie. Die getuie het verder daarop gewys dat as die appellant die dag nie behoorlik geëet het nie - soos skynbaar die geval was - dit daartoe kon bygedra het om die invloed van die drank op hom te verhoog, maar dat as hy emosioneel gespanne was - soos inderdaad die geval was - dit weer die graad van beïnvloeding kon verminder het.

Dr. F.D. Pascoe, n psigiater verbonde aan die Valkenberg Hospitaal, het getuig dat die appellant van 20 Januarie 1971 tot 19 Maart 1971 vir waarneming by dié inrigting aangehou is. Daar is bevind dat die appellant n man van gemiddelde intelligensie is, maar dat daar by hom n sterk emosionele afhanklikheid van ander mense, en veral van sy vrou, is. Hy is, om die getuie se eie woorde te gebruik, „attention seeking”, en „a person who copes rather

inadequately with situations and requires from his wife the assurance of her love". Wanneer die appellant kla dat hy nie ouers het nie of dat sy familie nie in hom belangstel nie, dan doen hy dit nie eintlik omdat hy werklik n gemis aan daardie persone voel nie, maar omdat hy sy vrou en ander wat na aan hom is se aandag wil trek. Die beweerde poging om selfmoord te pleeg was ook nie werklik n poging om sy eie lewe te neem nie, maar n metode om die aandag op hom te vestig. In antwoord op vrae oor die invloed wat drank op die appellant se oordeelsvermoë ten tyde van die pleeg van die misdaad kon gehad het, het die getuie, wat ook na die getuienis in die hof geluister het, gesê dat hy nie n definitiewe mening kon uitspreek oor die vraag of die appellant in staat was om die opset om moord te pleeg te kon vorm nie, maar terselfdertyd het hy gesê dat na sy mening die appellant n reeks doelgerigte dade ("purposeful series of acts") verrig het en dat hy ná die pleeg van die misdaad probeer het om getuienis van wat hy gedoen het te verberg, hoe oneffektief daardie poging nou ook al mag gewees het. Nadat die appellant

aan moord skuldig bevind is, en voordat daar op die vraag van versagtende omstandighede ingegaan is, het die hof Dr. Pascoe weer as getuie geroep en hom gevra om, in die lig van die getuienis oor die wyse waarop die misdaad gepleeg is, sy mening oor die appellant se geestestoestand ten tyde van die pleeg van die misdaad te gee. Die volgende sin bevat die kern van wat die getuie gesê het: „I can only repeat again that the history as I got it suggested to me a life pattern, that this man has shown a dependant and somewhat hysterical reaction to any difficulty that came about; as regards the violence of this crime, that his wife had felt for a long time that he was dangerous when under the influence of drink”.

In die lig van die betoog wat namens die appellant gelewer is, is dit wenslik, voordat op die meriete van die appèl ingegaan word, om eers te let op sekere beginsels wat by die oorweging van n appèl soos die onderhawige van toepassing is, d.w.s., in n geval waar die verhoorhof by n skuldigbevinding aan moord bevind het dat daar nie versag-

tende omstandighede aanwesig was nie en gevolglik die doodvonnis opgelê het.

In die eerste plek moet in gedagte gehou word dat kragtens artikel 330 van die Strafproseswet, 1955, dit die funksie van die verhoorhof is om oor die aanwesigheid al dan nie van versagtende omstandighede te besluit. Die artikel bepaal nl. - vir sover hier ter sake - dat wanneer n hof iemand aan moord skuldig bevind het, hy die doodvonnis moet oplê, behalwe dat „waar die hof van oordeel is dat daar versagtende omstandighede is, die hof n ander vonnis as die doodvonnis kan oplê". Dat dit in die eerste plaas die funksie van die verhoorhof is om oor die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede te beslis, is al meermale in uitsprake van hierdie hof beklemtoon. Ek verwys net na die volgende: in R. v. Muller 1957 (4) S.A. 642 (A.) op bl. 644 i.f. - 645, soos gekorrigeer in 1958 (2) S.A. op bl. xxviii, word gesê: „Now, as has repeatedly been laid down, the finding, in relation to a conviction for murder, of the presence or absence of 'extenuating circumstances' is

the function of the triers of fact". In S. v. Babada 1964 (1) S.A. 26 (A.) op bl. 27H - 28A, word die volgende gesê oor die funksie van die verhoorhof en die aard van sy ondersoek na die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede:

„Die wetgewer het dus op die Verhoorhof die plig gelê indien n beskuldigde aan moord skuldig bevind word, om vas te stel, eerstens, of daar omstandighede is wat betrekking kon gehad het op die geestesvermoëns of gemoed van die beskuldigde; tweedens, om te oordeel of sodanige omstandighede die beskuldigde wel beïnvloed het, en, derdens, om te oordeel of die beïnvloeding van so n aard was dat die beskuldigde se daad, volgens die mening van die Verhoorhof, daardeur minder laakbaar word sodat die Regter nie verplig hoef te wees om die doodstraf op te lê nie.”

Vanweë die feit dat die taak om oor die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede te besluit by die verhoorhof tuishoort, is die bevoegdheid van hierdie hof om n verhoorhof se bevinding dat daar nie versagtende omstandighede is nie, te wysig, streng beperk. Hierdie hof

kan alleen ingryp en sy eie mening vir dié van die verhoorhof substitueer indien die verhoorhof n mistasting of ander onreëlmatigheid begaan het, of indien sy bevinding, in die lig van al die getuienis beoordeel, van so n aard is dat nie redelikerwys daartoe gekom kon gewees het nie. Dit is voldoende om in hierdie verband weerleens net na die bogemelde twee beslissings te verwys. In R. v. Muller, op bl. 645 A, word gesê: „In the absence of any misdirection or other irregularity, this Court cannot substitute its opinion for that of the triers of fact unless the latter's conclusion is such that, on the evidence, it could not reasonably have been reached". In S. v. Babada, op bl. 27 E - F, word die volgende gesê:

„n Appel teen n Verhoorhof se bevinding dat geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, kan alleen dan slaag indien dit blyk dat die Verhoorhof by ooreweging van die vraag, n mistasting of ander onreëlmatigheid begaan het of indien die omstandighede van so n aard was dat geen Hof redelikerwyse tot n ander

gevolgtrekking kon gekom het nie, dan dat versagtende omstandighede aanwesig was."

Dit is dan ook omdat die funksie om oor versagtende omstandighede te beslis aan die verhoorhof opgedra is en omdat die bevoegdheid van hierdie hof met betrekking tot so n bevinding van so n beperkte aard is, dat hierdie hof - in gevalle waar sy bevoegdheid om in te gryp nie uitgeoefen word nie - hom nie uitspreek oor die vraag of die verhoorhof wel versagtende omstandighede kon bevind het nie, al sou hy ook die mening toegedaan wees dat die verhoorhof wel so n bevinding kon maak het (kyk R. v. Balla 1955 (3) S.A., 274 (A.), op bl. 275 D - G, en R. v. Muller, supra, op bl. 645 B - C).

In die skriftelike betoogpunte van Mnr.

Bamford, wat namens die appellant verskyn het, word aangevoer dat die verhoorhof misgetas het in sy beoordeling van die vraag ~~of daar versagtende omstandighede was deurdat hy (a) nie be-~~ hoorlik ag geslaan het op die kumulatiewe effek van al die omstandighede wat op die appellant se morele skuld betrekking

het nie en (b) op onbehoorlike wyse ag geslaan het op die afskuwelikheid van die daad wat die appellant gepleeg het. Hierdie betoog word hieronder behandel. In hierdie stadium wys ek eers daarop dat die advokaat by die aanvang van sy betoog te kenne gegee het dat hy ook wou aanvoer dat mens hier te doen het met n geval waar die doodvonnis ter syde gestel behoort te word op grond daarvan dat dit, in die lig van al die getuienis, „disturbingly inappropriate” is. Vir hierdie submitisie is n beroep gedoen op n passasie, wat ek nou-nou sal aanhaal, in die uitspraak van Holmes, A.R., in die saak van S. v. Letsolo 1970 (3) S.A. 476 (A.), maar dit is baie duidelik dat Holmes, A.R. - wat n uitspraak van sy eie geskrywe het maar ook, tesame met Van Blerk, A.R., saamgestem het met die uitspraak van Wessels, A.R. - glad nie n geval soos die onderhawige behandel het toe hy die woorde gebruik het waarop die advokaat hom beroep nie. Dit was naamlik n geval waar, ná n bevinding dat daar versagtende omstandighede was, die verhoorregter nogtans, in die uitoefening van sy diskresie, die doodvonnis opgelê het. In so n geval,

het Holmes, A.R., gesê, moet n verhoorregter baie ernstig nadink voordat hy besluit om die doodvonnis op te lê, en dan volg hierdie woorde (op bl. 477 B):

„Every relevant consideration should receive the most scrupulous care and reasoned attention; and all the more so because the sentence is unalterable on appeal, save on an improper exercise of judicial discretion, that is to say unless the sentence is vitiated by irregularity or misdirection or is disturbingly inappropriate”.

Uit die uitspraak van Wessels, A.R., blyk dit ook baie duidelik dat die appellant aan moord met versagtende omstandighede skuldig bevind was en dat die hof glad nie oorweging geskenk het aan die vraag wanneer n doodvonnis wat opgelê is nadat bevind is dat daar nie versagtende omstandighede was nie, ter syde gestel kan word nie. Daar behoort dus geen verwarring oor hierdie aangeleentheid te wees nie; die aangehaalde woorde van Holmes, A.R., kan nie ter sprake kom in n geval soos dié voor ons nie, en daarom word dit ook nie verder hier bespreek nie.

Ek gaan nou voort om die betoog wat namens die appellant voorgedra is te behandel. Daar is aangevoer dat alhoewel die verhoorhof tereg bevind het dat daar omstandighede was wat op die gemoed van die appellant kon ingewerk het - soos bv. die agtergrond en persoonlikheid van die appellant; die feit dat sy vrou, van wie hy hom so afhanklik gevoel het, hom verlaat het; die besering aan sy oog, en die invloed van die drank - en ook tereg bevind het dat daardie omstandighede waarskynlik wel 'n invloed op hom gehad het, dit fouteer het deur te bevind dat hierdie omstandighede nie die appellant se morele skuld sodanig verminder het dat dit as versaggende omstandighede beskou moes word nie.

In verband met hierdie beweerde fout aan die kant van die verhoorhof is dit betoog - soos reeds hierbo gesê is met verwysing na die appellant se skriftelike betoogpunte - dat die hof nie die kumulatiewe effek van al die omstandighede wat op die appellant se gemoed 'n uitwerking gehad het, oorweeg het nie en, verder, dat die hof fouteer het deur te let op gruwelikheid van die daede wat die appellant gepleeg het.

Dat dit n mistasting kan wees om nie die kumulatiewe effek van tersaaklike faktore in ag te neem nie, kan aanvaar word (kyk bv. S. v. Manyathi 1967 (1) S.A. 435 (A.) op bl. 439 E - F), maar ek is nie daarvan oortuig dat dit in die geval voor ons gebeur het nie. In die uitspraak van die verhoorhof, waarin die kwessie van versagten- de omstandighede met groot omsigtigheid benader is, word op twee plekke uitdruklik gesê dat die hof ag geslaan het op die kumulatiewe effek van die relevante faktore, en na my me- ning bestaan daar geen rede om aan te neem dat die hof nie inderdaad gedoen het wat hy sê dat hy gedoen het nie.

Dit is in hierdie verband verder betoog dat, by oorweging van al die getuienis, dit afgelei behoort te word dat die appellant se verstandelike vermoë erg verminderd moes gewees het teen ongeveer 5 nm. op die betrokke dag.

Daar is veral klem gelê op die hoeveelheid drank wat die ap-
pellant gedrink het, die skok wat hy waarskynlik opgedoen het
toe sy vrou hom verlaat het, sy verslaenheid en sprakeloos-
heid toe sy vrou hom later die aand gesien het, en sy poging,

wat as „pateties" bestempel is, om die oorledene se lyk te verberg, en daar is aangevoer dat al hierdie dinge daarop dui dat die appellant n nagenoeg willose wese of outomaat was wat bloot meganies gehandel het. Die wrede seksuele aanval op die oorledene, so is betoog, toon dat die appellant van sy verstand af moes geraak het toe sy vrou hom verlaat het en dat hy toe waarskynlik sy frustrasie gewreek het op die eerste vrou wat hy gesien het. Dit sal onmiddellik duidelik wees dat hierdie betoog dat die appellant willoos of van sy verstand af was, of dat hy meganies soos n outomaat gehandel het, stuit teen die bevinding van die verhoorhof dat hy die opset gehad het om moord te pleeg. Daar is geen appèl teen die skuldigbevinding aan moord nie; die bevinding dat die appellant die nodige opset gehad het om moord te pleeg kan dus nie aangeveg word nie, en hierdie bevinding sluit, uit die aard daarvan, die betoog dat die appellant nie by sy verstand was nie, ens., uit. Ek moet hier byvoeg dat daar nie namens die appellant betoog is dat die verhoorhof se bevinding sodanig is dat nie redelikerwys daartoe

gekom kon gewees het nie. Dit sou ook nie betoog kon word nie. In die omstandighede sou die appellant hoogstens kon aanvoer dat die verhoorhof anders moes geoordeel het oor die mate waarin hy beïnvloed is deur die verskillende relevante faktore, en dus ook oor die laakbaarheid van die misdaad wat hy gepleeg het, maar, soos reeds gesê is, dit is die verhoorhof se funksie om oor hierdie aangeleenthede te besluit, en selfs indien hierdie hof met die verhoorhof se bevinding oor hierdie aangeleenthede sou verskil, het hy nie die bevoegheid om sy oordeel vir dié van die verhoorhof te substitueer nie. Soos ook reeds gesê is, het hierdie hof daardie bevoegdheid alleen as die verhoorhof 'n mistasting of ander onreëlmatigheid begaan het, of as sy bevinding sodanig is dat nie redelikerwys daartoe gekom kon gewees het nie.

Ek kan miskien in hierdie stadium sê dat Mnr. Yutar, wat namens die Staat verskyn het, met verwysing na verskeie passasies in die getuienis wat betrekking het op die toestand waarin die appellant op die betrokke dag sou verkeer het, o.m. die gedagte uitgespreek het dat verdere

deskundige mediese getuienis, en miskien veral die mening van n tweede psigiater, die verhoorhof moontlik tot hulp sou gewees het in sy beoordeling van die appellant se geestestoestand ten tyde van die pleeg van die misdaad. Die moontlikheid is seker nie uitgesluit dat verdere menings n invloed op die saak kon gehad het nie, maar hierdie hof kan geen oordeel daaroor uitspreek nie, en doen dit ook nie.

Ek kom, ten slotte, by die betoog dat die verhoorhof op onbehoorlike wyse die afskuwelikheid van die appellant se daade betrek het by die beoordeling van die goedstoestand van die appellant ten tyde van die pleeg van die misdaad (vgl. S. v. Van der Berg 1968 (3) S.A. 250 (A.)).

Beswaar word teen die tweede helfte van die volgende paragraaf in die uitspraak van die hof a quo gemaak:

„As ek sê dat ons na die omstandighede van die misdaad kyk dan beteken dit nie dat die Hof net na die gruwelikheid van die misdaad kyk nie. Dit is duidelik gestel, beide in die saak van die Staat teen Petrus (supra) en ook in die saak

van die Staat teen Van den Bergh, 1968
(3) S.A. 250 (A.D.), waarna verwys word
in Petrus se saak, dat die gruwelikheid,
aldan nie, van die misdaad nie noodwen-
dig versagtende omstandighede uitwis nie.
Dit is nie die gruwelikheid van die mis-
daad in hierdie geval wat die Hof tot oor-
weging bring dat sy misdaad nie minder
laakbaar word nie, maar die omstandighede
waaronder dit gepleeg is, die wyse waarop
hy die kind in die huis moes gekry het,
die wyse waarop hy haar op n sekere sta-
dium moes verwurg het: hy moes n voorwerp
geneem het om die verwurging mee te pleeg,
hy moes op n sekere stadium, óf voor die
verwurging óf daarna, die kind se klere
uitmekaar geskeur het en dan met fors en
krag vir haar verkrag het om hierdie bese-
rings aan haar toe te dien. Daarna het
hy klaarblyklik besef wat hy gedoen het
want hy het gepoog om die spore van sy mis-
daad te probeer verdof."

Na my mening toon hierdie paragraaf nie dat die hof die af-
skuwelikheid van die appellant se daede as sulks by die oorwe-
ging van die kwessie van versagting betrek het nie. Die hof
het op sekere omstandighede gelet, nie om aan te toon hoe af-

skuwelik die appellant se daad was nie, maar omdat daardie omstandighede toon dat die appellant bewustelik en doelgerig optree het, watter invloed die drank en ander faktore nou ook al op hom mag gehad het. Bewuste en doelgerigte optrede was relevant by die beoordeling van die laakbaarheid van die appellant se optrede, en daarom sê die hof dan ook in die paragraaf wat volg op dié wat ek hierbo aangehaal het dat na sy oordeel die appellant se „verantwoordelikeheidsin“ nie sodanig „verstomp“ was dat sy misdaad „met minder verwyte bejêen kan word nie“. Met hierdie benadering kan m.i. nie fout gevind word nie (vgl. S. v. Petrus 1969 (4) S.A. 85 (A.), op bl. 93 C - F).

Met betrekking tot die paragraaf in die uitspraak wat ek hierbo aangehaal het, wys ek verder kortliks daarop dat ook aangevoer is dat ~~dit in~~ die laaste sin daarvan ’n mistasie aan die kant van die verhoorhof openbaar. Myns insiens is daar in die getuienis van Dr. Pascoe steun te vind vir wat in daardie sin gesê word en die betoog gaan nie op nie.

My mening is derhalwe dat die appèl nie kan slaag nie, en dit word afgewys.

Ogilvie Thompson,
Potgieter,

H.R. }
A.R. } *STEM SAAM.*

P.J. Rabie
P.J. RABIE
APPÈLREGTER